**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**20 Augustus 2019**

**Plaaslike beleggers volg versigtige benadering, verkies rentedraende bo aandeleportefeuljes**

Die plaaslike Kollektiewe Beleggingskemabedryf (KBS-bedryf) het die tweede kwartaal van die jaar afgesluit met R2 409 miljard in bates onder bestuur wat oor 1 607 portefeuljes versprei is.

Byna die helfte van die bates is in Suid-Afrikaanse (SA) multibateportefeuljes (49%) gehou, met die res in SA rentedraende portefeuljes (29%), SA aandeleportefeuljes (19%) en SA eiendomsportefeuljes (3%).

Statistieke vir die kwartaal en jaar geëindig Junie 2019 wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) uitgereik is, wys voorts dat die bedryf netto invloeie van R25 miljard in die tweede kwartaal van die jaar ontvang het, wat die totale netto invloei vir die 12 maande tot einde Junie 2019 op R143 miljard te staan bring.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê SA rentedraende portefeuljes (korttermyn en veranderlike termyn) het die grootste gedeelte van die netto jaarlikse invloei ontvang (59 miljard), gevolg deur geldmarkportefeuljes (R43.8 miljard). SA multibate-inkomsteportefeuljes was ook gewild onder beleggers met 'n netto invloei van R38.7 miljard vir die jaar tot einde Junie 2019.

"Die statistieke wys dat beleggers weer die skynbare veiligheid van rentedraende portefeuljes opgesoek het, wat nie 'n verrassing is nie gegewe die markonbestendigheid en politieke onsekerheid die afgelope jaar."

Mulder sê die statistieke toon voorts dat beleggers die afgelope jaar hul aptyt vir algemene aandele verloor het met die gevolg dat SA algemene aandeleportefeuljes 'n netto uitvloei van R3.4 miljard ondervind het. Beleggers wat op soek was na die potensieel hoër opbrengste wat aandeleportefeuljes oor die lang termyn bied, maar met bykomende diversifisering van ander bateklasse, het hul heil in SA multibate hoë aandeleportefeuljes gesoek, wat 'n netto invloei van R16.3 miljard vir die jaar gelok het.

Mulder wys daarop dat ofskoon rentedraende korttermynportefeuljes (insluitend geldmarkportefeuljes) oor die algemeen die beste gevaar het oor die een- en vyfjaartydperke tot einde Junie 2019, het SA algemene aandeleportefeuljes en SA multibate hoë aandeleportefeuljes steeds beduidend uitpresteer oor die 10- en 20-jaar-tydperke.

**Waar het die invloeie vandaan gekom?**

Mulder sê 28% van die invloei in die KBS-bedryf oor die 12 maande tot einde Junie 2019 het regstreeks van beleggers gekom. Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies

opgetree nie. "Ons vermoed talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die keuse van watter portefeulje om in te belê," verduidelik Mulder.

Tussengangers was vir 33% van nuwe invloeie verantwoordelik. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring terwyl institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse 18% bygedra het.

**Buitelandse fokus**

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuljes wat ASISA van inligting voorsien het aan die einde van Junie 2019 bates onder bestuur ter waarde van R473 miljard gehou. 'n daling teenoor die R477 miljard van die vorige kwartaal. Dié buitelandse portefeuljes het 'n netto uitvloei van R0.86 miljard in die kwartaal tot einde Junie 2019 aangeteken.

Buitelandsevaluta-portefeuljes is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Slegs portefeuljes wat by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word. Plaaslike beleggers wat in hierdie portefeuljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hulle toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 477 fondse wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, gekoppelde belegging-diensverskaffers, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*